

29 Oktober

Skrifgedeelte: Jesaja 46:1-10 (NAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 46:3,4

God dra jou

Die verskil tussen die ware God en afgode lê in die werkwoord *dra*. 'n Afgod moet deur sy maker gedra word en op sy plek neergesit word. Daarvandaan kan hy nie beweeg nie. Hy antwoord nie as iemand roep nie en hy help nie in gevaar nie, want hy is 'n dooie ding, die produk van mensehande.

Daarteenoor dra die lewende God vir ons, sy kinders. Ons hele lewe lank, van ons geboortedag tot in ons ouderdom, dra Hy ons. *Dra* beteken hier "om te sorg". Psalm 68:20-21 beskryf wat *dra* inhou, naamlik dat God ons dag na dag help, red en bewaar. God doen dit omdat Hy ons liefhet, so lief dat niks ons van sy liefde in Christus kan skei nie.

Christus het ook vir ons kom wys wat *dra* in sy volle sin beteken. Hy het sy lewe vir ons kom aflê. Die goeie Herder, wat elkeen van ons op ons naam ken, het in ons plek gesterf. Hy het nie gekom om gedien en gedra te word nie, maar om self vir ons, sy kinders, te dien en te dra – te sterf.

Die geweldige troos wat ons hieruit put, is dat ons verseker is dat God ons hele lewe lank vir ons dra. Selfs in die swartste nag kan ons op Hom bly wag. Hy kan en wil en sal in nood, selfs as ons sidder vir die dood, volkome uitkoms gee.

Sing: Psalm 68:9 Ds W Vogel (Welkom)